



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

e-Matieland

WINTER 2016 • #2

VANUIT DIE ALUMNI-KANTOOR

Met die winter wat nou vinnig nader kom, bied ons jou graag hierdie jongste uitgawe van *e-Matieland*. In hierdie uitgawe kyk ons terug op ons heel eerste Tuiskomsnaweek en alumni se entoesiastiese reaksie daarop. Ons het dit beslis geniet om so baie van julle op kampus te sien rondloop om julle alma mater opnuut te ontdek.

Daarbenewens is ons trots daarop om die toekenning van die eerste Vlake-beurse aan vyf Maties te vier. Die ruimhartige bydraes van ons alumni en skenkers stel ons in staat om aan te hou om studente wat finansiële swaarkry met beurse te ondersteun en sodoende die ontwikkeling van ons toekomstige beroepslui te fasiliteer. In dieselfde trant huldig hierdie uitgawe die bydrae van ons voormalige Rektor en Visekanselier, wyle prof Russel Botman, wat twee jaar gelede op 28 Junie oorlede is. Indien jy sy visie wil help voortleef, oorweeg gerus 'n skenking aan die Russel Botman-beursfonds om sy nagedagtenis te eer.

Maak ook seker dat jy die artikel oor US-alumnus Dagnachew Wakene lees. Die verhaal van dié Ethiopiese burger, wat 'n magdom uitdagings te bowe gekom het en vandag 'n baanbreker is vir gestremdeheidsregte in Afrika, is waarlik 'n inspirasie.



Stellenbosch University
Alumni (Maties) and
Friends



[www.facebook.com/
stellenboschalumni](http://www.facebook.com/stellenboschalumni)



[www.twitter.com/
SU_Alumni](http://www.twitter.com/SU_Alumni)



YouTube



alumni@sun.ac.za



[www.sun.ac.za/
/afrikaans/alumni](http://www.sun.ac.za/afrikaans/alumni)



NUUSEFLITSE

Rektor vier een jaar sedert inhuldiging



Op 29 April 2016 was dit presies 'n jaar sedert prof Wim de Villiers as Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) ingehuldig is. "Dit was beslis 'n uitdagende tydperk, maar ek sou dit nie anders wou gehad het nie," sê hy in 'n nuwe video waarin hy terugkyk op sy eerste 12 maande in die tuig.



Klik hier om na die video te kyk

Woordfees 2016 'n fees der feeste

Woordfees 2016 was 'n fees van ongekende hoogtepunte en suksesse. Feesdirekteur Saartjie Botha sê die rekordgetal kaartjies wat verkoop is, bewys dat die fees 'n gemeenskap dien wie se hart warm klop vir die kunste. Kaartjieverkope het vanjaar met 27,8% – 20% in randwaarde – toegeneem weens die een Vrydag waarop kaartjies teen R30 elk verkoop is, en die kontantlose stelsel het met 200% gegroei. "Ons kan trots voel op 'n suksesvolle fees in hierdie moeilike ekonomiese tye. Gehore is prys sensitief, en ons wil dit vir soveel mense moontlik toeganklik maak," sê Botha.



Klik hier om na 'n video met Woordfees-hoogtepunte te kyk

Eerste Tuiskomsnaweek eindig op hoë noot

Ons eerste Tuiskomsnaweek (4 tot 7 Maart 2016) was 'n groot sukses, en ons is reeds besig met planne vir Tuiskoms 2017. Die naweek het iets vir elkeen gebied



– 'n skemerkelgeleentheid met prof Wim de Villiers, 'n reeks fakulteitsgeleenthede, die gewilde Dagbreek/Maties-straatmyl en 'n aantal koshuisspesifieke aktiwiteite. Een van die hoogtepunte was 'n tussengenerasiesprek oor plaaslike en wêreldkwessies wat deur die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut aangebied en deur Maties-alumnus prof Pierre de Vos gefasiliteer is. "Ek hoop ons kon dit regkry om vir

alumni te wys dat dit altyd heerlik is om terug te keer na Matieland; dat dit goed gaan met hulle alma mater, wat steeds 'n wêreldklasinstelling is met hoog aangeskrewe kundigheid in onderrig en navorsing, en wat al hoe hoër op die ranglyste verskyn," sê Shaun Stuart, Bestuurder: Alumni-betrekkinge.

• Enige voorstelle vir Tuiskoms 2017? Stuur gerus idees na alumni@sun.ac.za.

Foto's van Tuiskoms 2016 (klik)



Gebeure

26 Junie – 1 Julie
Ingenieurswese-winterweek
Tel: 021 808 4203
E-pos: winterweek@sun.ac.za
Web: <http://www1.sun.ac.za/winterweek/index.php>

26 – 30 Junie
Natuurwetenskappe-winterweek
Tel: 021 808 3760
E-pos: mvdworm@sun.ac.za

25, 26 en 27 Julie
Thys Visser-gedenklesings
STIAS, Stellenbosch
Tel: 021 808 9564

8, 9, 10 Julie
Eendrag 55 jaar reünie
Tel: 078 457 5555
E-pos: info@eendragreunion.com

15 - 17 Julie
Dagbreek 95 jaar reünie
Tel: 083 368 5948
E-pos: francois_fouche@hotmail.co.za

23 Julie
Monica 90 jaar reünie
E-mail: 170230333@sun.ac.za

6 Augustus
Hippokrates word 40
E-mail: 18268188@sun.ac.za

NUUSEFLITSE

Ek voel bevoorreg, sê beursontvanger



Die Mandy Rossouw-beurs vir 2016 is aan me **Nation Nyoka** (26), 'n BA-honneursstudent in Joernalistiek aan die Universiteit, toegeken. Die beurs ter waarde van R40 000 is in 2013 deur vriende en kollegas van die joernalis wyle Mandy Rossouw ingestel en word toegeken aan 'n vroulike honneursstudent in Joernalistiek met 'n belangstelling in die politiek. Die beurs dek die ontvanger se klaggeld.

Nyoka, 'n boorling van Johannesburg, het 'n voorgraadse kwalifikasie in Mediastudie aan Rhodes-universiteit verwerf. "Ek voel bevoorreg om die beurs te ontvang," sê sy. "Ek hoop ek kan aan die standaard van joernalistieke integriteit voldoen wat Mandy Rossouw gestel het." Rossouw, 'n alumna van die Departement Joernalistiek, was 'n bekende politieke verslaggewer en die eerste joernalis wat oor die Nkandla-sage geskryf het. Sy is in Maart 2013 op die ouderdom van 33 oorlede.

✓ Wil jy graag 'n bydrae maak?

Vir direkte inbetalings is die besonderhede: Standard Bank, rekeningnommer 073006955 en takkode 05 0610. Die verwysing is: H713 + voorletters & van.

US-teoloë ontvang gesogte pryse



Die Andrew Murray-prysfonds het die wenners van vanjaar se pryse vir Christelike en teologiese boeke aangekondig. Die publikasie *Living with Dignity - African Perspectives on Gender Equality* uit die stal van Sun Press het vanjaar die Andrew Murray Desmond Tutu-prys gewen. Die redakteurs van dié werk is **Elna Mouton** en Len Hansen van die US se Fakulteit Teologie, Getrude Kapuma van Malawi, en Thomas Togom van Kenia. Die projek het meer as 20 teoloë van oor die hele Afrika betrek by 'n bespreking van

belangrike kwessies van geslagsgelykheid en menswaardigheid in Afrika uit verskillende oogpunte. Die Andrew Murray-prys vir die beste Afrikaanse Christelike boek is toegeken aan Barend Vos vir sy boek *Die ewigheid in my hart*, wat deur Lux Verbi uitgegee is. Vos, 'n alumnus van die Fakulteit Teologie en skrywer van Bybelromans, is in kerkgeledere as satiriese rubrieksrywer bekend.

Internasionale vennootskappe in die kollig

Die Universiteit Stellenbosch het onlangs sy samewerking met vennootuniversiteite van oor die hele wêreld gevier by die 14de jaarlikse byeenkoms van die Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerk. Deelnemers van 27 vennootinstellings uit 14 lande was teenwoordig by die geleentheid, wat deur die Nagraadse en Internasionale Kantoor (NGIK) aangebied is.

Volgens prof Wim de Villiers help versterk die byeenkoms bande met internasionale vennote, wat noodsaaklik is vir gesamentlike navorsing en studentemobiliteit. Hy het die Universiteit se internasionalisasiepogings beklemtoon en genoem dat die internasionale studente wat tans aan die US ingeskryf is uit 117 verskillende lande kom. "Verlede jaar was sowat 15% van ons studente internasionaal. Dit was twee keer soveel as die nasionale gemiddelde."

Navorsers ontwikkel snel-diagnostiese toets vir TB



'n Snel-diagnostiese toets vir tuberkulose (TB) wat by die versorgingspunt gebruik kan word, is ontwikkel deur 'n span wetenskaplikes van regoor die wêreld onder leiding van navorsers by die US. "Hierdie bekostigbare siftingstoets het die potensiaal om TB-diagnose beduidend te versnel in omgewings met beperkte hulpbronne," sê die mede-uitvinder, prof Gerhard Walzl. Die toets word gedoen op bloed wat deur 'n vingerprik verkry word. 'n TB diagnose kan dan in minder as 'n uur gemaak word. Die diagnostiese toets is 'n klein instrument wat in die hand pas en met batterye werk. Dit toets chemikalieë in die bloed van mense wat moontlik TB het. Die toestel is tans in die ontwikkelingsfase en die akkuraatheid en doeltreffendheid daarvan gaan oor die volgende drie jaar in vyf Afrika-lande getoets word.

NUUSFLITSE




Chirurg hardloop om pasiënte weer menswaardigheid te gee

Dr Karin Baatjes, 'n borskankerchirurg in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, help al jare lank pasiënte met haar hande. Maar vanjaar het sy dit met haar voete gedoen! Baatjes is 'n kranige hardloper en het besluit om die Weskusmarathon (42,2km) aan te durf om R42 000 in te samel vir Reach for Recovery se Ditto-projek. Hierdie projek verskaf eksterne prosteses aan vroue wat weens borskanker 'n mastektomie moes ondergaan. "Die totale skenkings is 'n reuse R57 183! Ek wou die twee passies in my lewe, chirurgie en hardloop, vir 'n goeie doel kombineer," sê Baatjes, wat die afgelope 11 jaar as chirurg by Tygerberghospitaal werk. Verlede jaar het Baatjes R54 000 ingesamel om reënjasse en sokkies vir 1 200 leerders van die Primêre Skool Rosendal in Delft, Kaapstad, te koop.

✓ Reach for Recovery (www.reach4recovery.org.za) is 'n internasionale borskankerondersteuningsgroep wat op vrywillige grondslag deur borskankeroorlewendes bestuur word. Dit bied emosionele en praktiese ondersteuning aan pasiënte in privaat sowel as openbare gesondheidsdienste deur die hele land.

Eer prof Russel Botman se nalatenskap

Op 28 Junie is dit reeds twee jaar sedert die ontydige dood van die US se voormalige Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman. Hy was halfpad deur sy tweede termyn toe hy onverwags in sy slaap oorlede is. Prof Botman was passievol oor die opleiding van 21ste-eeuse denkleiers en het in Oktober 2013 ter viering van sy 60ste verjaarsdag die Russel Botman Beursfonds bekend gestel. Hy het vriende, familie en kollegas gevra om in plaas van geskenke eerder tot die beursfonds by te dra. Hy het sterk gevoel daarvoor om toegang te bied aan studente wat nie andersins die geleentheid sou hê om aan 'n wêreldklasinstelling soos die Universiteit Stellenbosch te studeer nie. Indien jy graag hierdie visie wil laat voortleef, oorweeg gerus om 'n skenking ter nagedagtenis aan prof Botman te maak.



✓ Vir direkte inbetalings is die besonderhede: Standard Bank, rekeningnommer 07 300 695 5 en takkode 05 0610. Die verwysing Botman moet asb bygevoeg word.

Koopman en Klopper as Viserektore aangestel

Die US-Raad het onlangs twee senior aanstellings gedoen. Prof Nico Koopman, wat tans waameem as Viserektor in die portefeuljes Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, is permanent aangestel in dié posisie. In die pos Viserektor: Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisering het die Raad prof Hester Klopper, 'n internasionaal erkende akademikus en professionele leier met uitgebreide netwerke op die gebied van gesondheid, verpleging, en gesondheidsorg, aangestel. "Beide professore Koopman en Klopper bring bewese kennis en ondervinding na die bestuur van die Universiteit," sê prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier.



Rekordgetal doktorsgrade toegeken

Altesaam 139 doktorsgrade is by die gradeplegtigheid in Maart as deel van die 2015 akademiese jaar toegeken. Dit bring die totale getal doktorsgrade op 266 te staan – die meeste tot nog toe vir 'n akademiese jaar aan die US. In die Fakulteit Natuurwetenskappe is 28 doktorsgrade verleen (uit 'n totaal van 50 vir die akademiese jaar 2015). Dit is die meeste doktorsgrade wat in 'n akademiese jaar in die Fakulteit toegeken is. Die Fakulteit Ingenieurswese was kort op Natuurwetenskappe se hakke met 21 doktorsgrade (uit 39 vir die akademiese jaar 2015), waarvan vier deur personeellede verwerf is. Ingenieurswese was egter nie die enigste fakulteit met nuwe doktore in sy personeelkorps nie. Ook Gesondheidswetenskappe se personeellede het vier doktorsgrade opgelewer.

Klik hier vir gradeplegtigheid hoogtepunte



Fotogalery




Verteenwoordigers van die batebestuursbedryf in Suid-Afrika het onlangs op Stellenbosch byeengekom vir die eerste beleggingseminaar van die batebestuursfirma Schrodgers in samewerking met die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap. (Fotograaf: Anton Jordaan)



Ros-universiteit se Fakulteit Veeartsenykunde (RUSVM) het 'n ooreenkoms met die Universiteit Stellenbosch aangegaan. Dié ooreenkoms maak dit moontlik vir studente van die Fakulteit Agriwetenskappe om direk tot RUSVM in St Kitts in die Wes-Indiese Eilande toegelaat te word. (Foto: Verskaf)



Die Universiteit het onlangs die eerste Vlakte-beurse aan vyf studente toegeken. Al die ontvangers is nasate van mense wat in die apartheidsjare onder dwang uit die buurt Die Vlakte in Stellenbosch se middedorp verskuif is. (Fotograaf: Anton Jordaan)



'n Uithalervertoning deur Maties het aan hulle die Varsity Sewes-titel besorg ná 'n oorwinning van 19-5 in die eindstryd teen die verrassingspakkie van die toernooi, UWK. Die toernooi is van 30 April tot 2 Mei by die Villager-rugbyklub aangebied. Maties het die titel ook in 2013 en 2014 gewen. (Fotograaf: Thys Lombard, SASPA)



Die Militêre Akademie het onlangs sy 66ste bestaansjaar gevier. Die Akademie het op 1 April 1950 tot stand gekom as 'n tak van die SA Militêre Kollege om die opleiding van kadette in die staande mag te verbeter en sodoende die Weermag van 'n hoogs professionele beamptekorps te voorsien. (Fotograaf: Majoor Engela Meintjes)



‘Leer om daardie eerste stap te neem’

Dit is al gesê entrepreneurs word gebore, nie gemaak nie. En dit is vir seker waar van Dewald Müller wat tans besig is met sy honneursgraad in Aktuariële Wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch en ook die medestigter van die Adflow-maatskappy is, skryf Pia Nänny.

Sy ondernemerstalent, vasberadenheid en toegewydheid is die afgelope paar maande op verskeie platforms erken.

In Julie 2015 het hy die Innovasietoekenning by die Allan Gray Orbis Stigting se nasionale genootskap-jamboree ontvang. In Oktober is hy benoem as een van die winners van die Nedbank Universiteit Stellenbosch LaunchLab Besigheidsinkubator se Pitching Platform-kompetisie en in November het hy die kategorie vir Beste Innoverende Studentesakeidee by die Wes-Kaapse Premier se Entreprenerskap Erkenningstoekennings gewen. In Februarie vanjaar het hy derde in Suid-Afrika geëindig in die Globale Studente Entreprenerskaptoekennings.

In hierdie tyd het hy ook sy BCom-grad *cum laude* verwerf.



Maar waar het dit alles begin? Toe hy die besigheid “Biltong Broers” as ’n graad 4-leerder aan die Laerskool Robertson begin het? Toe hy bereken het hy kan meer geld verdien deur trollies te stoot as om op die kasregister te werk by die plaaslike supermark gedurende skoolvakansies? Toe hy studente se gewoonte opgemerk het om duur koffie te koop en Cuppa Campus begin het met die installering van

verkoopoutomate by koshuise? Of toe hy besef het hierdie koffiekoppies is “advertensieborde op voete” en hy hierdie kaffies en cappuchinos teen goedkoper kon verkoop as hy maatskappye wat dienste aan studente lewer kon oorreed om op die koppies te adverteer? Wat hy gedoen het.

En nou verbreed hy sy horison wyer as die kampus en ondersoek die idee van ’n kruissubsidiëring-bemarkingsproses wat maatskappye regstreekse toegang tot die laerinkomstemark gee terwyl die laerinkomstemark dan basiese produkte teen laer pryse bekom.

“Ek het altyd gedink entrepreneur-skap gaan daarvoor om iets te skep wat nie bestaan nie en dan geld daaruit te maak. Maar ek het besef dit gaan

daarvoor om die omgewing rondom jou te beïnvloed. Hoe begin jy ’n besigheid waarvan mense deel wil wees? My droom is om dit wat ek tot nou toe geleer het, te neem en daarop voort te bou om iets winsgewend en iets waarby Suid-Afrika kan baat, te skep.”

Om na die Universiteit Stellenbosch te kom, in Eendrag-koshuis te woon en aan bogenoemde kompetisies deel te neem, het Dewald se oë vir tallose beskikbare

geleenthede oopgemaak. En hy maak tans gebruik van elkeen van hulle en skep ook langs die pad sy eie geleenthede. Hy vind veral die netwerkgeleenthede baie nuttig.

Maar om ’n studente-entrepreneur te wees, is nie maklik nie en hy moes leer hoe om rompslomp, rampe en mislukkings te bowe te kom. Kort nadat Cuppa Campus sy eerste verkoopoutomaat geïnstalleer het, is hy een Saterdagoggend wakker gebel en ingelig dat die outomaat se pyp in die nag gebars het en die vloer onder water was. Al het hy daardie oggend ’n toets geskryf, moes Dewald eers die gemors uitsorteer en ’n loodgieter reël. “Ek moes sommige van die moeilikste uitdagings in my lewe te bowe kom en daar is tye dat ek wens ek kan net ’n student wees.” Maar Dewald glo vas dat as jy die universiteit verlaat met net ’n graad, het jy jou tyd gemors. Hy vind sy vakke baie bruikbaar en dink dis ironies dat hy ’n kursus studeer wat jou leer hoe om risiko te bepaal en dit te vermy. “Dan stap ek by die klas uit en spring van die (metaforiese) krans af,” glimlag hy. “Wanneer jy ’n entrepreneur is, benader jy niks halfhartig nie. Jy pak dit met alles wat jy het. Jy moet leer om daardie eerste stap te neem, jouself nie te ernstig op te neem nie en om geduldig, volhardend en positief te wees.”

AC

ACORN CREEK

LIFESTYLE ESTATE



FASE 1 VERKOOP VANAF

R 2 049 900

sluit BTW & oordragskoste in

SKAKEL ONS NOU

076 072 5494

sales@acorncreek.co.za | acorncreek.co.za

Veilig | Leef Slim | Omgewingsvriendelik



Uitstekende beleggingsgeleentheid

• Hoë huur aanvraag • Belê vandag, betaal eers einde 2017 • Deposito: Slegs R25 000

Verwagte groei

• Bruto huuropbrengs: 8.9% • Huurinkomste: R 16 000 p.m
• Okkupasie: laat 2017 • Beleggingsgroei: 15-20% teen tyd van oordrag

Fantastiese geleentheid vir studente

• Hoë spoed optiese vesel (internet) in elke woning • 5 vlak sekuriteitstelsel
• Power Up hibriedstelsel kan u Eskom rekening tot en met 95% verminder
• Ontspan in veiligheid en geniet die draf-en-staproeies wat die vele private parke met mekaar verbind • Lae onderhoud wonings en tuine

Slegs 15 minute vanaf Stellenbosch geleë.



Harcourts
Platinum



'Voorwaarts en opwaarts'

Kampvegter vir die regte van gestremde mense, opvoeder en lewenslange student. Ontmoet alumnus, Dagnachew 'Dag' Wakene (33), wat al vir die laaste nege jaar, en langer, onvermoeid werk om die ernstige sosio-ekonomiese vooroordeel en magdom van wanbegrippe wat mense met gestremdhede daaglik trots seer te beveg.

Vertel ons iets oor jouself.

Ek is van Addis Abeba, Ethiopië, en werk al vir meer as nege jaar as 'n kampvegter, opvoeder en navorsingskonsultant ten opsigte van gestremde regte en inklusiewe ontwikkeling. Ek het my eerste graad in die regte aan Addis Abeba Universiteit behaal, en 'n Magister in die Wysbegeerte met die fokus op rehabilitasie en ontwikkelingsstudies aan Stellenbosch. Ek het polio, wat ek as kind opgedoen het, oorleef.

Wat behels jou werk?

Ek werk tans as die Afrika Streekskoördineerder, gebaseer in Addis, vir 'n navorsingsprojek met die naam Gestremde regte-bevordering Internasionaal (beter bekend as Disability Rights Promotion International of DRPI) – wat deur York Universiteit in Toronto uitgevoer word. Die projek poog om 'n volhoubare moniteringstelsel

op te stel om gestremde diskriminasie wêreldwyd aan te spreek. Ek is ook die medestigter van THISAbility Consulting, 'n inisiatief wat in 2014 tot stand gebring is om bestaande gapings van deelnemende gestremde navorsing in Sub-Sahara Afrika te oorbrug. In 'n stelsel wat te maklik die beperkings van persone met gestremdhede onder 'n vergrootglas plaas, eerder as om hulle reuse vermoëns uit te lig, neem THISAbility Consulting hom voor om sy deel te doen om hierdie status quo in te perk.

Hoe het jy aan die Universiteit Stellenbosch opgeëindig?

In 2009 is ek as 'n navorsingsassistent vir 'n navorsingsprojek gewerf wat gesamentlik deur die Sentrum vir Rehabilitasiestudies aan die Universiteit Stellenbosch en die Trinity-kollege Dublin van Ierland gelei is. Hierdie projek het gestremde insluiting in Armoedeverminderingstrategie-prosesse van vier Afrika-lande bestudeer. As deel hiervan is ek 'n volle studiebeurs aangebied.

Jy was op 'n invloedryke uitruilbesoek aan die Verenigde State. Vertel ons van hierdie ervaring.

Die Mandela Washington Genootskap is 'n vlagskipprogram van die VSA se Departement van Buitelande Sake en President Barack Obama se Jong Afrika-leier Inisiatief. Ooreenkomstig sy doelwit om "die volgende generasie Afrika-leiers te bemagtig", het hierdie program 500 Afrikane tussen die ouderdom van 20 en 35 uitgenooi om vir ses weke by 20 groot universiteite in die VSA tuis te gaan. 'n Kulminasie van die program was 'n stadsaalontmoeting met President Barack



Obama. Eenhonderd gekose genote het daarna vir 'n verdere sesweeke segment van professionele ontwikkeling in die VSA aangebly en ek was een van hulle. Met dit alles in gedagte, was dit nie net 'n eer gewees om met trots op hierdie invloedryke platform te kon staan nie, maar 'n herinnering aan my verantwoordelikheid as 'n mens, as 'n kampvegter vir die regte van gestremde mense, as 'n opvoeder en as 'n lewenslange student wat strewe na 'n beter, inklusiewe Afrika.

Is jy 'n trotse Matie?

Om by die Universiteit Stellenbosch aan te sluit was ongetwyfeld 'n landmerk op my akademiese pad en dit dra beduidend by tot die prestasies in my lewe tot op hierdie punt, en ook vorentoe in my lewe. Ek is innig dankbaar vir die wonderlike professore, personeel en administrasie wat daarna strewe om elke enkele dag van die Universiteit 'n inklusiewe arena van akademiese uitnemend te maak. Ek is meer as waarlik trots om 'n Matie te wees!

Wat inspireer jou om suksesvol te wees?

Met die dat ek in Ethiopië groot geword met nogal 'n ingewikkelde postpolio-fisiese gestremdeheid, moes ek en my ouers

verlamme vooroordeel en 'n magdom wanbegrippe wat hoofsaaklik voortgespruit het uit diep gewortelde onkunde hanteer. Soos ek groot geword het, het ek agtergekem dat die meeste mense nooit van my verwag het om enigiets meer te bereik as om eendag 'n bestaansloon te kan verdien nie.

En dit was juis hierdie sienings wat, in plaas daarvan om my terug te hou, my eerder aanhoudend vorentoe laat streef het. 'n Individueel met 'n gestremdeheid kan inderdaad iemand raak om mee te reken, 'n bron van trots vir sy/haar familie, kontinent en die wêreld wees en as 'n voortrefflike rolmodel vir baie mense dien. 'n Mens moet dankbaar wees vir mense wat te vinnig 'n oordeel vel, want hulle kan 'n bedekte seëning wees wat vir ons wys hoekom opgee eenvoudig nie 'n opsie is nie en hoekom 'n mens altyd voorwaarts en opwaarts moet beweeg.

Wat hoop jy om nog te vermag?

Ek voel dat ek nou op die regte pad is en alreeds op die regte pad was. Om bewus te wees van jou lewenspad is in sigself belangrik. My plan is om 'n PhD te verwerf, met spesialisering in die ontwikkeling van konteksspesifieke gereedskap om gestremde regte-diskriminasie in Afrika te monitor. So nie, en tot 'n PhD-beurs homself voordo, wil ek 'n magistergraad in die regte doen. Dit sou my help versterk in my leierskaprol in huidige pogings om regerings en beleidmakers te beïnvloed.

'n Betekenisvolle politieke verteenwoordiging van minderheidsgroepe, soos mense met gestremdhede, is noodsaaklik vir daadwerklike veranderinge aan die stelsel. Dan wil ek ook voortgaan om jongmense met gestremdhede te mentor en advies aan gestremde verwante inisiatiewe en organisasies te verleen.

Altyd 'n Matie-film op die silwerdoek Ligte, kameras, aksie!

Die Universiteit Stellenbosch het 'n reeks dokumentêre kortfilms oor die persoonlike verhale en ervarings van huidige en oud-Maties bekend gestel. Die reeks getiteld **Altyd 'n Matie/ Always a Matie** konsentreer op alumni se unieke herinneringe aan hulle alma mater en verken die kernvraag oor wat dit werklik beteken om 'n Matie te wees.

Karen Bruns, die US se Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge, sê: "Die Universiteit Stellenbosch is sinoniem met akademiese uitnemendheid en innovasie, skilderagtige kampusse, goed toegeruste geboue en lewendige studentegemeenskappe. Maar wat is die werklike ervarings van huidige en oudstude? Hoe het dinge verander, en lewer ons steeds afgeronde gegradueerdes wat leiers op hulle onderskeie gebiede kan word?"



"Ons het besluit om die medium van film te gebruik om hierdie vrae te ondersoek, en het ouer én meer onlangse alumni sowel as huidige studente se hulp ingeroep om hulle verhale te vertel," verduidelik sy.

Die eerste kortfilms in die reeks handel bepaald oor ses gebiede, naamlik beurse, gestremdheid, sport, innovasie, studenteleierskap en die kunste, en bied alumni en huidige studente die geleentheid om te vertel watter impak die Universiteit op hulle lewens gehad het.

In die films verskyn onder meer die US se Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers; twee onlangse gegradueerdes van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Wandile en Wanele Ganya; Melanie Verwoerd, 'n studenteleier gedurende die 1980's,

oud-LP, diplomaat en direkteur van UNICEF Ierland; Axolile Qina, huidige Studenteraadvoorsitter; Paralimpiese wêreldkampioen Ilse Hayes, en die kunstenaar Louise Gelderblom.

Die films is op ons YouTube-alumnikanaal geplaas:



As alternatief kan 'n DVD met ál ses films aangevra word by alumni@sun.ac.za.

Elkeen van die Maties wat tot dusver in die reeks te siene was, het ruimhartig hulle persoonlike reis met ons gedeel. Ons nooi jou om ons ook van ander verhale te laat weet wat wys wat dit beteken om 'n Matie te wees.

Alumni Kantoor

Victoriastraat, Admin B, 3de Vloer

